7. Die tien plae en die instelling van die Pasga

Exodus 6 - 12

God is almagtig

God se ewige krag word duidelik sigbaar. Hy verlos sy volk deur magtige wonderdade. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God toon sy almag deur wondertekens te verrig.
- Israel word deur die Here bewaar.
- God voer uit wat Hy beloof het.

Die tweede ontmoeting met Farao

God beveel Moses en Aäron om weer na Farao te gaan. Op versoek van Farao doen Moses en Aäron 'n wonderteken. Moses vra Aäron om sy staf op die grond te gooi en dit verander dadelik in 'n slang. Farao roep sy towenaars en hulle doen dit ook. Dan gebeur iets besonders! Aäron se slang verslind die towenaars se slange. Die Egiptiese towenaars se towerkuns is ondergeskik aan God se almag.

In Egipte is slange gesien as heilige diere en mag daarom nie doodgemaak word nie. Farao dra selfs 'n embleem van 'n slang op sy kroon, die "uraeus".

Farao bly koppig. Dit wat gebeur, maak geen indruk op hom. Farao sal leer dat hy magteloos staan teenoor die God van Israel. Die Here sal hom met tien plae tref voordat hy voor die God van Israel buig.

Die tien plae oor Egipte

1. Water verander in bloed

Op God se bevel gaan Moses en Aäron na die Nyl om Farao daar te ontmoet. Voor Farao se oë slaan Aäron met sy staf op die Nyl se water en dadelik verander dit in bloed. Dit gebeur omdat Farao nie wil luister nie en sodat hy kan sien wie die Here is. Die Egiptiese towenaars doen met hulle

towerkunste dieselfde met water in opgaarbakke. Farao steur hom gevolglik nie veel aan die teken nie en gaan terug na sy paleis. Sewe dae lank duur die plaag voort en die Egiptenaars moet putte grawe om water in die hande te kry.

2. Paddas

Moses gaan weer na Farao om hom te waarsku. Farao moet die Israeliete laat trek, anders sal God Egipte straf. Toe Farao nie luister nie, steek Aäron sy staf oor die waterstrome uit en skielik wemel die hele Egipte van paddas. Die towenaars kan dit ook doen, maar hulle kan die paddas nie laat verdwyn nie. Die Egiptenaars beskou paddas as simbole van vrugbaarheid en vereer hulle daarom. Die godin van vrugbaarheid, Heket, word byvoorbeeld met 'n paddakop afgebeeld. Hierdie plaag maak wel indruk op Farao. Hy laat Moses en Aäron roep en sê vir hulle: "Bid tot die Here dat Hy die paddas wegneem." Die Egiptenaars beskou paddas as simbole van vrugbaarheid en vereer hulle daarom. Die godin van vrugbaarheid, Heket, word byvoorbeeld met 'n paddakop afgebeeld. Moses is bereid om dit te doen. Die paddas sal die volgende dag verdwyn. Hy voeg daarby: "Sodat u kan weet dat daar niemand is soos die Here onse God nie." Toe die paddas verdwyn, verhard Farao sy hart en weier om Israel te laat trek.

3. Muskiete

Die Here beveel Aäron om met sy staf op die grond te slaan. Skielik wemel dit van muskiete. Die towenaars probeer die wonder nadoen, maar kry dit nie reg nie. Hulle waarsku Farao en sê: "Dit is die vinger van God," maar Farao bly hardkoppig.

4. Steekvlieë

Farao word weer gewaarsku. Op God se bevel kom swerms steekvlieë oor die land. Net in Gosen, waar die Israeliete woon, is geen steekvlieë nie. Farao se houding begin verander. Hy sal Israel toelaat om te offer, maar dan in Egipte. Moses wys Farao daarop dat dit nie sal werk nie, aangesien Israel se offerdiere, bulle en ramme, volgens die Egiptenaars heilig is. Moses herhaal dat Farao hulle drie dae ver die woestyn in moet laat trek om daar vir die Here te gaan offer. Farao stem toe maar Israel mag nie te ver wegtrek nie. Nadat Moses tot die Here bid en die steekvlieë die volgende dag verdwyn, verander Farao van plan. Hy verhard sy hart en laat die volk nie trek nie.

5. Pes onder die vee

Weer gaan Moses en waarsku Farao. Die vee in Egipte sal op groot skaal doodgaan. Net die Israeliete se vee sal nie vrek nie. Die Here dui presies aan wanneer dit gaan gebeur, maar Farao steur hom nie daaraan nie. Toe die vee begin vrek, stuur Farao manne om te gaan kyk of die Israeliete se vee ook vrek. Hulle rapporteer dat dit nie die geval is nie. Tog bly sy hart verhard.

6. Swere aan mense en diere

Tot dusver het God se plae nie direk die mense aangetas nie, maar nou gaan dit verander. Moses neem hande vol roet uit 'n oond en gooi dit voor Farao in die lug op. Al die Egiptenaars en hul diere word deur 'n pynlike velsiekte aangetas. Die towenaars is so vol swere dat hulle nie eens voor Moses kan staan nie. Farao bly weier en laat die Israeliete nie trek nie.

7. Hael

Moses waarsku weer vir Farao. Geweldige haelbuie sal kom en alle mense en diere wat in die veld bly, gaan sterf. Sommige Egiptenaars glo Moses se woorde en bring hul slawe en diere in veiligheid. God is genadig vir wie Hom vrees. Toe Moses sy staf na die hemel uitsteek, kom daar donder en hael wat groot verwoesting saai. Net in Gosen hael dit nie. Baie mense en diere in Egipte sterf. Farao erken dat hy verkeerd is. As die Here die hael laat ophou, sal hy die volk laat trek. Moses strek sy hande uit na die hemel en die hael hou op, maar Farao hou nie sy woord nie. Hy weier om die volk te laat trek.

8. Sprinkane

Weer word Farao gewaarsku vir die volgende plaag. Sy dienaars praat ook met hom en hy gee toestemming dat al die mans mag gaan om aan die Here te offer. Die vroue en kinders moet egter in Egipte agterbly. God laat Hom nie voorskryf nie! Moses steek sy staf uit en swerms sprinkane word deur 'n oostewind oor Egipte gewaai. Elke plantjie wat die hael oorleef het, word opgevreet. Farao laat weer vir Moses en Aäron roep. Hy erken sy sonde en vra om vergewing. Op Moses se gebed laat die Here die wind omswaai en die sprinkane waai almal in die Skelfsee. Die plaag is verby en daarmee ook Farao se berou. Hy weier steeds om die volk te laat trek.

9. Duisternis

Die Here beveel Moses om sy hand na die hemel uit te steek en vir drie dae lank is Egipte in donkerte gehul. Dit is 'n teken van God se toorn. Alles word ontwrig. Die Egiptenaars kan nêrens heen gaan nie. Net by die Israeliete is daar lig. Farao gee die volk toestemming om te gaan offer, hulle moet net hul vee agterlaat. Moses wil nie in 'n argument hieroor betrokke raak nie. Die vee móét saamgaan. Hy eis selfs dat Farao offerdiere saamgee. Farao word kwaad en jaag hom weg. Hy dreig dat hy Moses sal doodmaak as hy hom weer sien. Moses antwoord: "U het reg gepraat, ek sal u aangesig nie weer sien nie."

10. Die aankondiging van die dood van die eersgeborenes

Farao sal nou die toorn en almag van die Here in al sy grootheid ondergaan. Al die eersgeborenes sal sterf, ook Farao se eersgeborene. Dan sal Farao Israel laat trek, selfs wegdryf. Na alles wat gebeur het, het die Egiptenaars ontsag vir Moses. Hulle besef dat hy deur God gestuur is.

Voorbereiding

Wanneer Moses met Farao praat, tree hy op as instrument in God se hande. Na die negende plaag is God se gesprek met Farao beëindig. Die laaste plaag van God sal Farao dwing om voor God te buig.

Die Israeliete moet gereed maak om te trek. Moses vertel hulle wat hulle moet doen wanneer hulle beveel word om te trek. Vir baie jare moes hulle sonder enige vergoeding vir die Egiptenaars slawewerk verrig. Nou moet hulle van die Egiptenaars silwer, goud en klere eis. Dit dien as vergoeding, soos die Here lank tevore aan Abraham beloof het.[28] Met hierdie materiale en skatte sal hulle later die tabernakel bou.[29]

Die Israeliete moet 'n feesmaaltyd, die Pasga, voorberei. Pasga is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat "verbygaan" of "spaar" beteken. Dit verwys na die engel wat by die huise van die Israeliete verbygaan en hul eersgeborenes spaar. Die Here gee presiese opdragte hoe hulle die maaltyd moet vier. Die Pasga sal in die toekoms 'n belangrike fees in Israel wees.

28 Gen. 15: 14 Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed.

29 Ex. 35: 5 Neem van julle besittings 'n offergawe aan die HERE. Laat elkeen wat gewillig is in sy hart, dit bring, die offergawe van die HERE: goud en silwer en koper;

Pasga in Egipte

By die instelling van die Pasga ontvang die Israeliete die volgende opdragte:

- Op die tiende dag van die maand Abib (later Nisan genoem) moet die hoof van elke huisgesin 'n bok- of skaaplam, 'n jaaroud rammetjie sonder gebrek, uit sy kudde kies. As 'n huisgesin te klein is om 'n hele lam te eet, moet hulle een met 'n ander gesin deel.
- Teen die aand van die 14de dag moet elkeen sy lam slag.
- Die bloed van die lam moet in 'n skottel opgevang word. Daarna moet die bloed met 'n bossie hisop aan die deurkosyne van die huis waarin hulle die Pasga vier, gesmeer word. Die bloed sal 'n teken vir die doodsengel wees om by daardie huis verby te gaan en die eersgeborene te spaar.
- Niemand mag sy huis die aand verlaat nie.
- Geen been van die lam mag gebreek word nie.
- Die lam met kop, pootjies en binnegoed moet oor 'n vuur gebraai word. Vuur vernietig alles wat onrein is.
- Die vleis moet nog dieselfde nag geëet word en daar mag niks oorbly nie. Alles wat oorbly, moet verbrand word. Die vleis moet saam met ongesuurde brood en bitter kruie geëet word. Ongesuurde brood is plat, ronde koeke sonder suurdeeg.
- Hulle moet staande eet, soos mense wat haastig is. Almal moet hul bokleed of rok by hul heupe vasbind sodat hulle vinnig kan beweeg. Hulle moet sandale aantrek, hul staf in hul hand hou en gereed wees om op reis te gaan.

Die Pasga later

Die Here beveel die Israeliete om die Pasga jaarliks te onderhou. Hulle moet hul nageslag leer om dit as 'n gedenkdag te vier. Die dag is so belangrik dat die maand waarin die dag val, die begin van die Joodse godsdienstige kalender is. Die Israeliete het 'n maanjaar van twaalf maande. Elke maand begin met nuwemaan en duur ongeveer 29½ dag. Die jaar is dan 354 dae lank en nie 365 dae soos ons dit ken nie. Dit beteken dat die Israeliete se nuwejaar nie altyd op dieselfde dag val as ons jaarkalender nie. Om dit reg te stel word soms 'n dertiende maand, Ve-Adar, in hul kalender gevoeg.

Na Pasga vier die Israeliete die fees van die ongesuurde brode. Die fees duur van die 14de Abib tot die aand van die 21ste Abib. Op die eerste dag van die fees word die ongesuurde brode saam met die Paasmaaltyd geëet

en op die laaste dag word weer tot eer van die Here feesgevier. Die Israeliete mag dan nie werk nie.

Gedurende die sewe dae wat die fees duur, mag die Israeliete geen suurdeeg of produkte wat suurdeeg bevat, in hulle huise hê nie. Die suurdeeg is 'n teken van sonde. Net soos suurdeeg deur die hele deeg trek, so besmet sonde die hele lewe. Die doel van die fees is nie net om die Israeliete aan die uittog uit Egipte te herinner nie, maar ook om hulle teen sonde te waarsku.

Die betekenis van die Pasga

Die Pasga het ten doel om Israel voortdurend te herinner aan die verlossing uit Egipte. Daarom moet ouers elke keer wanneer die Pasga gevier word aan hul kinders vertel hoe God hulle uit Egipte uitgelei het.

Die Pasga is ook 'n vooruitskouing na Christus se verlossingswerk, nie net vir die Jode nie, maar vir almal wat in God glo. Dit beeld onder meer die volgende uit:

- Christus is die Paaslam wat vir ons sondes gesterf het.[30] As bewys daarvan mag die paaslam se bene nie gebreek word nie. Dit wys na Christus se bene wat nie gebreek is nie,[31] al was dit die gebruik om die bene van misdadigers wat gekruisig word, te breek.
- Soos die bloed van die lam aan die deurkosyne die Israeliete vrykoop van die dood, so red die bloed van Christus die sondaar van die ewige verderf.
- Wie van die paaslam en ongesuurde brood eet, wys sy verbintenis met God. Net so verseker Christus se sterwe aan die kruis ons dat ons in 'n ewige verbond met Hom leef.

Christus het by sy laaste Pasga die nagmaal ingestel. Pasga is in die kruisdood van Christus vervul. By die nagmaal herdink ons die dood van die Here en sy opstanding. Dit wys ons ook op die gemeenskap waarin ons met Hom en met mekaar as gemeente leef.[32]

---

30 1 Kor. 5: 7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees — soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

31 Joh. 19: 33 maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie.

32 Mark. 14: 22 En terwyl hulle eet, neem Jesus brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.

Die laaste plaag

Op die 14de dag van die maand Abib slag elke gesin 'n lam soos die Here beveel het. Daarna berei hulle die Pasga voor. Wanneer die Israeliete die Pasga eet, is dit 'n geloofsdaad. Almal stel hul vertroue op die Here wat hulle uit Egipte sal verlos. Middernag breek aan. Die gehuil van ouers wie se kinders gesterf het, verbreek die stilte van die nag. Die Here het sy straf uitgevoer. In elke Egiptiese huis sterf die eergeborene.

Selfs die eersgeborenes van hul diere vrek. Farao se oudste seun, die kroonprins, sterf ook. Aan God se geduld het 'n einde gekom.

Moses en Aäron word onmiddellik na Farao ontbied. Farao beveel hulle om dadelik Egipte te verlaat. Die Israeliete mag al hul besittings saamneem. Farao wil niks wat aan hulle behoort, langer in Egipte hê nie. Die Egiptenaars dring by Farao daarop aan dat die trek so gou as moontlik moet geskied. Hulle is bang dat as die Israeliete langer bly, hulle ook sal sterf. Die silwer, goud en klere wat die Israeliete van hulle eis, gee hulle gewillig. Hulle is maar net te bly dat die Israeliete trek.[33]

Die Israeliete vertrek so haastig dat daar nie eens geleentheid is om padkos te maak nie. Daar is ook nie tyd om die deeg in te suur nie. Hulle neem die deeg net so saam. Later bak hulle ongesuurde koeke daarvan. Die suurdeeg is 'n teken van die sonde en moet daarom in Egipte agtergelaat word. Hulle hou hul voorouers se belofte aan Josef[34] en neem sy bene met hulle saam sodat dit in Kanaan begrawe kan word. Eeue later sal ook Jesus en sy ouers uit Egipte na Kanaan (Palestina) terugkeer.[35]

---

33 Ps. 105: 38 Egipte was bly toe hulle uittrek, want vrees vir hulle het op hulle geval.

34 Gen. 50: 25 En Josef het die seuns van Israel laat sweer en gesê: As God sekerlik op julle ag sal gee—bring dan my gebeente hiervandaan op.

35 Matt. 2: 15 En hy was daar tot die dood van Herodes, sodat die woord vervul sou word wat die Here gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het Ek my Seun geroep.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 194 - 200 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 99 – 106 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 147 – 154 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 209 – 220 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 80 – 85 p.